

SIMONSBERG
GRONDWET

Hersien deur J van Helsdingen en D Arnoldus
2021

AANHEF

Ons, die inwoners van Simonsberg, staan saam om 'n omgewing van uitnemendheid op alle vlakke te skep.

Ons eer diegene wat die weg tot ons sukses gebaan het.

Ons glo dat hierdie koshuis behoort aan almal wat daarin woon, en ons is verenig in ons diversiteit.

Daarom aanvaar ons, deur ons vrylik verkose verteenwoordigers, hierdie Grondwet as die rigtinggewende kode vir hierdie koshuis waarmee ons die volgende wil nastreef:

- om agting te hê vir die waardes van die koshuis en diegene met wie ons hierdie spesiale terrein deel;
- om die tradisies van hierdie koshuis te eer, asook diegene wat die fondament gelê het vir ons sukses en die sukses van ons opvolgers;
- om te verseker dat ons mekaar verantwoordbaar hou ten einde 'n omgewing te kweek wat die lewensgehalte en ervaring van alle Simonsbergers verbeter – nou sowel as in die toekoms; en
- om die waarde van integriteit in alle aspekte van die koshuislewe te onderhou, waarsonder die vier mure van ons Huis nie sal bly staan nie.

Mag hierdie Grondwet die leiding op ons reis wees.

Ons, die inwoners van Simonsberg, verklaar ons begeerte om as Huis te verenig onder die vaandel van ons vier waardes, naamlik:

- respek,
- verantwoordbaarheid,
- integriteit en
- eer.

Woordomskrywings

1. **Simonsberger:** Studente word as Simonsbergers beskou en aanvaar vanaf die dag dat hulle hul intrek in Simonsberg neem tot die dag wanneer hulle uit die koshuis trek.
2. **Inwoner:** Enige student wat tans in Simonsberg inwoon.
3. **Huis:** Die fisieke koshuisgebou Simonsberg, asook die inwoners van Simonsberg as kollektief.
4. **Senaat:** Die fisieke gedeelte waar verkose inwoners tydens hulle ampstermyn woon, asook die agt verkose inwoners as kollektief.
5. **Huiskomitee:** Die Huiskomitee bestaan uit 15 verkose lede, naamlik die Primarius, Onderprimarius, Strategiese Adviseur en 12 addisionele lede.
6. **Primarius:** Die inwoner wat tot uitvoerende voorsitter van die Huis en die Huiskomitee verkies is.
7. **Onderprimarius:** Die inwoner wat tot Senaatshoof en ondervoorsitter van die Huis verkies is.
8. **Strategiese Adviseur:** Die persoon wat tot dié posisie verkies is en vantevore in die huiskomitee van 'n vrouekoshuis op die Stellenbosch-kampus gedien het.
9. **Inwonende Hoof:** Die persoon wat as amptelike hoof van die Huis aangestel is en as skakelpersoon tussen die Huiskomitee, die Huis en die Universiteit funksioneer.
10. **Dagbestuur** (Eng. *Executive Committee*): 'n Groep wat noodvergaderings oor dringende sake wat die koshuis raak, mag belê en hou. Die Dagbestuur bestaan uit die Primarius, Onderprimarius en Inwonende Hoof, en enige Huiskomiteelid wat een of meer volledige termyne in die Simonsberg Huiskomitee gedien het.
11. **Interne Dissiplinêre Komitee (IDK):** 'n Komitee wat uit die IDK-voorsitter (die Onderprimarius), die agt lede van die Senaat en hoogstens twee addisionele lede bestaan en wat jurisdiksie oor sake rakende wangedrag in die koshuis het. Die Inwonende Hoof is ex officio 'n permanente lid van die IDK.
12. **Mentors:** 'n Aantal Simonsbergers, bereken volgens die aantal eerstejaars, wat aangewys word om verantwoordelikheid vir die psigososiale ondersteuning van eerstejaars te aanvaar in alle sake waar nodig, vanaf die begin van die verwelkomingstyd tot aan die einde van die akademiese jaar.
13. **Portefeulje:** Die besondere rol wat 'n sekere Huiskomiteelid in die bedryf van koshuissake moet vervul.
14. **Universiteit:** Die Universiteit Stellenbosch (US).

15. **Algemene prosedure:** Die prosedure wat die voorsitter na goeddunke mag bepaal.

ARTIKEL 1

Vertolking

1. Die vertolking van hierdie dokument berus uitsluitlik by die Huiskomitee, Senaat en Inwonende Hoof. Enigeen van hierdie partye mag die Huis raadpleeg met die oog daarop om verdere vertolking te fasiliteer. Sou enige stappe gedoen of enige besluite geneem word wat buite die bestek van hierdie dokument val, kan sodanige handeling óf ongeldig verklaar, óf reggestel óf gekondoneer word.
2. Die primêre teks van hierdie dokument is die Engelse weergawe. Bykomende weergawes in Afrikaans en Xhosa is ook beskikbaar. Die bykomende weergawes moet ooreenkomstig die Engelse teks bygewerk word.
3. Enige vertolking van die bestek en bedoeling van hierdie dokument is onderhewig aan die toepaslike reëls en regulasies soos deur die tersaaklike Universiteitsowerheid voorgeskryf.

ARTIKEL 2

Inwoners

1. Omskrywing

'n Student word as 'n Simonsberger beskou en aanvaar vanaf die dag dat hulle hul intrek in Simonsberg neem tot die dag wanneer hulle uit die koshuis trek.

2. Regte en verantwoordelikhede

Elke Simonsberger het die reg om:

- a) mosies voor te stel en te stem by Huisvergaderings;
- b) in leiersposisies (subkomitees ingesluit) te dien;
- c) aan leierskapverkiesings deel te neem en daarin te stem;
- d) wysigings aan die Grondwet voor te stel.

Elke Simonsberger het die plig om ooreenkomstig die volgende te handel:

- a) die waardes van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, asook die Menseregtehandves wat daarin vervat is;
- b) die Universiteit se waardes;
- c) Simonsberg se waardes: eer, verantwoordbaarheid, integriteit en respek;
- d) hierdie Grondwet; en
- e) die dissiplinêre prosedure soos in die IDK uiteengesit, uitsprake deur die IDK in sake rakende 'n beskuldigde, en erkenning van die beskuldigde se reg op appèl.

ARTIKEL 3

Ampsdraers van die Huis

1. Algemeen

- a) Die Primarius, Onderprimarius, Strategiese Adviseur, 12 addisionele lede van die Huiskomitee, Dagbestuur, mentors en Senaatslede is ampsdraers van die Huis.
- b) Buiten die posisie van Strategiese Adviseur en dié van Inwonende Hoof mag slegs Simonsbergers tot enige posisie in die Huis verkies word.
- c) Ampsdraers se ampstermyn strek vanaf die beëindiging van hulle voorganger se termyn, behalwe as hulle by wyse van 'n tussenverkiesing verkies is; in daardie geval strek hulle ampstermyn vanaf die oomblik waarop hulle verkies is.

2. Inwonende Hoof

- a) Die Inwonende Hoof van Simonsberg is die hoof van die Huis wat deur die Universiteit aangewys is en as amptelike skakelpersoon tussen die Huis en Universiteitstrukture funksioneer. Die Inwonende Hoof verteenwoordig die Universiteit by wyse van die rol wat hierdie ampsdraer in die Huis vervul.
- b) Die Inwonende Hoof is ex officio lid van die Huiskomitee en is dus by alle amptelike vergaderings van die Huis teenwoordig.
- c) Uit die aard van die amp het die Inwonende Hoof nie stemreg tydens verkiesings of oor ander sake wat stemming verg nie; sy doel is om besluitneming in die Huis te bemiddel.
- d) Die Inwonende Hoof kan, in oorleg met die Primarius, 'n vergadering van die Huiskomitee of die Dagbestuur belê wanneer die Inwonende Hoof dit nodig ag.
- e) Die Inwonende Hoof word oor resolusies van die Huis en besluite van die Huiskomitee geraadpleeg, en neem in sy hoedanigheid van die Universiteit se verteenwoordiger in die Huis aan besluitnemingsprosesse deel.
- f) Die Inwonende Hoof vervul 'n amptelike rol in die Huis se dissiplinêre prosedure soos in die US Dissiplinêre Kode vir Studente uiteengesit.

3. Primarius

- a) Die Primarius is die uitvoerende voorsitter van die Huis.
- b) Die Primarius funksioneer as skakelpersoon tussen die Huis, studentegemeenskappe en -komitees, en die Inwonende Hoof.
- c) Die Primarius is ex officio lid van die Huiskomitee.
- d) Die Primarius is ex officio voorsitter by alle Huis-, Huiskomitee- en Dagbestuursvergaderings.
- e) Sou die Primarius nie in staat wees om 'n amptelike Huis-, Huiskomitee- of Dagbestuursvergadering by te woon nie, kan die voorsittersrol aan die Onderprimarius en/of 'n Huiskomiteelid gedelegeer word.
- f) Die Primarius deel, in oorleg met die Inwonende Hoof en die Onderprimarius, aan elke Huiskomiteelid 'n portefeulje of stel portefeuljes toe waarvoor die betrokke lid verantwoordelikheid aanvaar.
- g) Die Primarius maak seker dat elke Huiskomiteelid 'n verslag oor elke portefeulje wat hulle bestuur, saamstel en dit inlewer vir opneming in die argief.
- h) Die Primarius verteenwoordig die Huis in die Primkomitee en ander tersaaklike eksterne vergaderings, en fasiliteer Simonsberg se openbare betrekkinge met ander koshuise, PSO-wyke (van die Privaatstudenteorganisasie), die Validus-kluster, die Studenteraad en ander tersaaklike strukture.
- i) Die Primarius verseker, tesame met die Inwonende Hoof, dat Huiskomitee-lede hulle pligte uitvoer.
- j) Die Primarius verseker dat amptelike inligting vanaf die Universiteit doeltreffend aan die Huis oorgedra word.
- k) Die verkiesing van die Primarius word in artikel 5 van hierdie Grondwet bereël.

4. Onderprimarius

- a) Die Onderprimarius is die ondervoorsitter van die Huis.
- b) Die Onderprimarius neem as Primarius waar wanneer die Primarius, om watter rede ook al, afwesig is.
- c) Die Onderprimarius is ex officio lid van die Huiskomitee.
- d) Die Onderprimarius is die hoof van die Senaat, tensy anders aangedui.
- e) Die Onderprimarius is die voorsitter van die IDK, tensy anders aangedui.
- f) Die Onderprimarius dien as die Beampte vir Veiligheid en Voldoening in die

koshuis (ingeskakel by die “Veiligheid”-portefeulje).

- g) Die Onderprimarius funksioneer as die amptelike skakelpersoon tussen die koshuis en Simonsberg-alumni.
- h) Die verkiesing van die Onderprimarius word in artikel 5 van hierdie Grondwet bereël.

5. Huiskomitee

- a) Die Huiskomitee bestaan uit 15 lede, naamlik die Primarius, die Onderprimarius, die Strategiese Adviseur en 12 addisionele lede.
- b) Die Primarius en Onderprimarius vorm, saam met die Inwonende Hoof en enige Huiskomiteeledede wat al langer as een termyn dien, die Dagbestuur (verwys na punt 7 hier onder).
- c) Die termyn van die Huiskomitee begin wanneer die verkiesingsuitslag gefinaliseer en bekendgemaak is. Dit moet op die laaste aan die begin van die vierde akademiese kwartaal geskied.
- d) Daar word van die Huiskomitee verwag om te alle tye ooreenkomstig die waardes en etos van die Huis te handel.
- e) Elke Huiskomiteelid is daarvoor verantwoordelik om ’n portefeulje of stel portefeuljes tydens hulle ampstermyn te hanteer. Die Primarius, in oorleg met die Onderprimarius en die Inwonende Hoof, deel die portefeuljes toe. Hierdie portefeuljes kan van die een jaar na die volgende verander, onderhewig aan die onderstaande beginsels:
 - (i) Minstens een lid moet die funksie van Tesourier vir die koshuis vervul en – in samewerking met die Primarius en Inwonende Hoof – verantwoordelikheid vir die Huis se geldsake aanvaar.
 - (ii) Minstens een lid moet die funksie van Sekretaris vervul en verantwoordelikheid aanvaar vir doeltreffende kommunikasie tussen die Huiskomitee en die koshuis, en om die notules van amptelike Huis- en Huiskomiteevergaderings op te teken.
 - (iii) Minstens een lid moet verantwoordelikheid aanvaar om hierdie Grondwet jaarliks in heroënskou te neem om te sorg dat dit die oortuigings en waardes van die Huislede akkuraat weerspieël.

6. Strategiese Adviseur

- a) Die Strategiese Adviseur is ex officio lid van die Huiskomitee.
- b) Die Strategiese Adviseur se posisie is ingestel onder meer om 'n vroueperspektief in die konteks van 'n manskoshuis te betrek.
- c) Hierdie posisie word dus gevul deur 'n vrouestudent wat tydens die voorafgaande twee jaar as huiskomiteelid en/of primaria en/of onderprimaria van 'n US-koshuis op die Stellenbosch kampus gedien het.
- d) Die rol behels onder meer om die Huiskomitee in sake te adviseer en te ondersteun na die Adviseur se goeddunke, sowel as om enige portefeuljes te hanteer soos deur die Primarius versoek.
- e) Kandidate vir hierdie posisie, en hulle verkiesing, word in artikel 5.5 van hierdie Grondwet bereël.
- f) Die termyn van die Strategiese Adviseur –
 - (i) begin nadat die verkiesingsuitslag vir die betrokke posisie aan die Huis bekendgemaak is, en
 - (ii) eindig op dieselfde dag as dié van die Huiskomitee, soos in artikel 5 van hierdie Grondwet bereël.

7. Dagbestuur

- a) Die Dagbestuur tree op namens die Huiskomitee in sake waarin tydsverloop deurslaggewend is en dus dringende oorweging en/of intrede verg.
- b) Die Dagbestuur moet die Huiskomitee daarvan inlig en/of die saak vir verdere oorweging en/of besluitneming aan die Huiskomitee voorlê.
- c) Die Dagbestuur is nie op sigself 'n besluitnemingsliggaam nie, en kan dus nie onafhanklik van die Huiskomitee handel nie.

8. Mentors

- a) Elke mentor is vir die psigososiale ondersteuning van sekere eerstejaars verantwoordelik in alle sake waar nodig, vanaf die begin van die verwelkomingstyd tot aan die einde van die akademiese jaar.
- b) 'n Aantal mentors wat as voldoende vir die getal eerstejaars beskou word, word aangestel uit aansoeke wat by die mentorkeuringspaneel ingedien word. Die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) bepaal jaarliks hierdie ratio (getal

eerstejaars per mentor).

- c) Kandidate en hulle aanstelling word in artikel 5.7 van hierdie Grondwet bereël.
- d) 'n Hoofmentor en Onder-hoofmentor word vir die groep mentors aangestel.
- e) Die Adjunkthoofmentor is 'n nieamptelike posisie; die persoon word aangestel om in die Hoofmentor se afwesigheid waar te neem.
- f) Die SSG bepaal die mentors se pligte en verantwoordelikhede.

9. Senaat

- a) Die Senaat is 'n leierstruktuur wat uit agt Simonsbergers plus die Senaatshoof bestaan.
- b) Die Onderprimarius dien as Senaatshoof, tensy anders aangedui.
- c) Kandidate vir hierdie posisie, en hulle verkiesing, word in paragraaf 5.8 van hierdie Grondwet bereël.
- d) Die doel van die Senaat is tweeledig:
 - (i) om 'n klimaat van kameraadskap, vriendskap en koshuiseenheid te kweek deur interne koshuisgeleenthede en eksterne skakelings te organiseer; en
 - (ii) om as die koshuis se IDK te funksioneer.
- e) Elke Senaatslid is vir die duur van hulle termyn verantwoordelik vir 'n portefeulje of stel portefeuljes, wat deur die Senaatshoof toegedeel word.
- f) Senaatslede is Simonsbergers wat daarna streef om Simonsberg en die ervarings wat dit inhou om in hierdie Huis te woon, tot diens te wees, te bevorder en te verryk. Die Senaat se missie, waardes en verantwoordelikhede word in Bylae D tot hierdie dokument uitgestip.

10. Subkomitees

- a) Die Huiskomitee mag subkomitees, bestaande uit inwoners van die Huis, te erken, in te stel en uit te kies. Die subkomitees hou verband met portefeuljes, geleenthede en skakelings van die Huiskomitee tydens die akademiese jaar.
- b) Die Huiskomitee moedig Huislede aan om inisiatief te neem en nuwe subkomitees te stig. Hierdie subkomitees dien as skeppende platforms waar Huislede hulle potensiaal in gemeenskap met ander lede van die Simonsberg-gemeenskap, en breër, kan vervul.
- c) Die voorsitters van sulke subkomitees moet deur die Huiskomitee en/of 'n

Huiskomiteelid aangewys word, en kan self 'n Huiskomiteelid wees.

ARTIKEL 4

Dissiplinêre aangeleenthede

1. Samestelling van die Interne Dissiplinêre Komitee (IDK)
 - a) Die Onderprimarius is ex officio voorsitter van die IDK.
 - b) Die IDK bestaan uit die voorsitter, die agt Senaatslede en hoogstens twee addisionele lede.
 - c) Die IDK se rol en verantwoordelikhede word deur die US se Dissiplinêre Kode vir Studente bepaal.
 - d) Die Inwonende Hoof is ex officio 'n permanente lid van die IDK.
 - e) Die Primarius het ex officio die reg om enige interne dissiplinêre verhoor by te woon.
 - f) Die voorsitter mag na eie goeë dunde hoogstens twee bykomende Huiskomiteelede aanstel om in die IDK te dien.
 - g) Die voorsitter is daarvoor verantwoordelik om deeglik rekord te hou van die IDK se optrede en besluite tydens sy termyn.
 - h) Die voorsitter moet die IDK se besluite aan die Huiskomitee en die Inwonende Hoof oordra (indien laasgenoemde by 'n IDK-byeenkoms afwesig was).
 - i) Met die samestelling van die IDK moet die voorsitter die verskillende tale, kulture en veral sosiale gebruike van die Huis se inwoners voor oë hou.
 - j) Die IDK moet divers genoeg wees om alle Huislede te verteenwoordig.
2. Funksionering
 - a) Alle dissiplinêre prosesse in die koshuis is aan die US se Dissiplinêre Kode vir Studente onderhewig.
 - b) Hierdie reëls en regulasies is in Bylae E tot hierdie dokument vervat.
 - c) 'n Beweerde oortreder moet ten minste 48 uur voor die verhoor skriftelik of elektronies ingelig word van die klag teen hom, die tyd van die verhoor en dat hy daarop geregtig is om deur enige Simonsberger verteenwoordig te word indien hy sou reken dit is nodig.
 - d) Tydens die verhoor volg die IDK 'n prosedure soortgelyk aan dié van die

Universiteit se Sentrale Dissiplinêre Komitee (SDK):

- (i) Die voorsitter maak seker dat die beskuldigde die prosedure verstaan.
 - (ii) Die klag word aan die beskuldigde voorgelees.
 - (iii) Die beskuldigde kry geleentheid om skuldig of onskuldig op die klag te pleit.
 - (iv) Die beskuldigde kry geleentheid om sy weergawe van die saak te stel, ongeag of hy skuldig of onskuldig pleit. Die IDK het die plig om hulle van die feite te vergewis en daarna tot 'n beslissing te kom.
- e) Indien 'n sanksie op die oortreder toegepas word, het hy geleentheid om na die Inwonende Hoof en die Huiskomitee te appelleer. Indien nodig, word die appèl na die Universiteit se SDK vir verdere oorweging verwys. Dit sal ooreenkomstig die bepalinge van die US Dissiplinêre Kode vir Studente geskied.
- f) Indien die IDK nie 'n eenstemmige beslissing kan bereik nie, moet hulle oor die saak stem. Die voorsitter het die beslissende stem in geval van 'n staking van stemme onder die ander lede. Indien die getal IDK-lede dit verg, mag die Primarius 'n stem uitbring mits die voorsitter toestemming daarvoor verleen het.

3. Magte en bevoegdhede

- a) Die IDK mag 'n gepaste sanksie opleë soos in die US Dissiplinêre Kode vir Studente voorsien.
- b) Die IDK en die Huiskomitee is daarvoor verantwoordelik om, vir die doeleindes van die proses, aan die hand van Bylae E te bepaal of 'n handeling 'n oortreding van die vier Huiswaardes daarstel.
- c) Enige beslissing en, waar toepaslik, sanksie deur die IDK moet binne 24 uur nadat die betrokke besluit geneem is, bevestig en aan die beweerde oortreder oorgedra word.
- d) Die kennisgewing bedoel by 3(c) moet die beskuldigde inlig van sy reg tot appèl na die Inwonende Hoof en die Huiskomitee. 'n Versoek tot appèl moet binne 48 uur skriftelik by die IDK-voorsitter ingedien word. Indien nodig sal die appèl na die SDK vir verdere oorweging verwys word. Dit sal ooreenkomstig die bepalinge van die US Dissiplinêre Kode vir Studente geskied.
- e) Die IDK se bevoegdhede word aangevul en beperk deur die tersaaklike bepalinge van die US Dissiplinêre Kode vir Studente.

4. Procedure

- a) Die IDK het, onderhewig aan goedkeuring deur die Huiskomitee, uitsluitlike bevoegdheid om procedure te bepaal, onderhewig aan dieselfde beperkings en aanvullings soos in artikel 4.3(e) hier bo.
- b) Die IDK moet aan die begin van hulle termyn 'n dokument saamstel wat die procedure sowel as die strafgesag van die IDK uiteensit. Dit moet deur die Huiskomitee goedgekeur en aan die Huis bekendgemaak word. Die nuwe IDK mag aan die begin van hulle termyn besluit om die dokument te gebruik wat deur die vorige IDK opgestel is.
- c) Die proceduredokument sal, nadat dit deur die Huiskomitee goedgekeur is, as 'n bindende bylae tot hierdie Grondwet geld (Bylae E).
- d) Elke beweerde oortreder moet 'n afskrif van Bylae E saam met die brief bedoel in artikel 4.2(c) ontvang.

ARTIKEL 5

Verkiesings

1. Verkiesingskomitee

- a) Die Huiskomitee moet by die eerste Huiskomiteevergadering in die derde kwartaal 'n Verkiesingskomitee aanstel wat uit 'n voorsitter en vier addisionele lede bestaan.
- b) Die uittredende Primarius dien ex officio as voorsitter van hierdie Komitee, tensy die betrokke persoon homself as Primarius, Onderprimarius of Huiskomiteelid herkiesbaar stel. In daardie geval wys die Huiskomitee 'n geskikte voorsitter aan.
- c) Die Verkiesingskomitee is vir die verkiesing van die Primarius, Onderprimarius en Huiskomitee vir die nuwe termyn verantwoordelik.
- d) Geen lid van die Verkiesingskomitee mag hulle vir een van hierdie posisies verkiesbaar stel nie.
- e) Die Komitee moet die datums en vereistes vir leierskapkousse minstens een week vooruit aan die Huis bekendmaak
- f) Die voorsitter van die Verkiesingskomitee is vir die fasilitering van die leierskapkousse vir die Primarius, Onderprimarius en Huiskomitee verantwoordelik.
- g) Indien 'n leierskapkous nie in lewende lywe kan plaasvind nie, mag die Verkiesingskomitee dit aanlyn hou.
- h) Die Komitee kan addisionele lede betrek om met die uitvoering van Komiteepligte te help.

2. Stemproses

Hierdie onderafdeling bereël die stemproses wat vir die verkiesing van die Primarius, Onderprimarius en Huiskomitee gevolg moet word.

- a) Elke Simonsberger het een stem, en almal s'n weeg ewe swaar.
- b) Elke Simonsberger het die reg om buite stemming te bly.
- c) Normaalweg moet stemme per geheime stembrief en in lewende lywe uitgebring word. Die Verkiesingskomitee is vir die organisering, bestuur en regulering van die

proses verantwoordelik.

- d) Die Verkiesingskomitee moet die uitslag van bogenoemde verkiesings aan die Inwonende Hoof bekendmaak voordat dit amptelik in die Huis afgekondig word.
- e) Indien die prosedure soos in (c) hier bo uiteengesit, nie gevolg kan word nie, word 'n anonieme elektroniese stemproses gevolg wat die Verkiesingskomitee in akkoord met die SSG en met die SSG se ondersteuning moet reguleer. In sodanige geval dra die SSG die verkiesingsuitslag aan die Verkiesingskomitee en die Inwonende Hoof oor.

3. Verkiesing van die Primarius

- a) Om tot die posisie van Primarius verkies te kan word, moet 'n kandidaat in 'n vorige termyn in die Huiskomitee gedien het.
 - (i) Indien daar nie aan die bepaling by (a) voldoen kan word nie, mag die Verkiesingskomitee aansoeke oopstel vir Simonsbergers wat vantevore as Senaatslede of mentors gedien het.
- a) Elke Simonsberger mag in elke stemronde vir 'n kandidaat stem.
- b) Verkiesingsuitslae:
 - (i) Indien twee kandidate vir die posisie staan, word die kandidaat met die meeste stemme as verkose Primarius aangewys.
 - (ii) Indien drie of meer kandidate vir die posisie staan, word die kandidate by wyse van herhaaldelike stemrondes uitgeskakel totdat twee oorbly.
 - (iii) Indien meer as vier kandidate vir die posisie staan, word die kandidaat met die minste stemme na elke stemronde uitgeskakel. Die Verkiesingskomitee mag egter met die oorblywende kandidate beraadslaag om te bepaal of hulle wel opeenvolgende stemrondes wil hou.
 - (iv) Indien een kandidaat meer as 50% van die stemme in enige stemronde verwerf, word daardie kandidaat as die verkose Primarius aangewys.
- d) Die kandidate wat uitgeskakel word, kom vanselfsprekend vir die posisie van Onderprimarius in aanmerking, mits hulle hulself vir daardie posisie wil verkiesbaar stel.
- e) Vir die verkiesing van die Primarius moet minstens 75% van alle Simonsbergers hulle stem uitbring deur die hele proses heen en binne die tyd wat die

Verkiesingskomitee vir die verkiesing bepaal het. Die Verkiesingskomitee kan die stemtydperk na diskresie verleng en/of afsluit.

- f) Die nuut verkose Primarius moet binne 24 uur nadat die stemming gesluit het, aangekondig word.
- g) Indien daar 'n staking van stemme is (ewe veel stemme vir twee of meer kandidate uitgebring is), berus die beslissende stemme by die Verkiesingskomitee en die Huiskomiteede wat nie in die verkiesing gestaan het nie.

4. Verkiesing van die Onderprimarius

- a) Om tot die posisie van Onderprimarius verkies te kan word, moet 'n kandidaat in 'n vorige termyn in die Huiskomitee gedien het.
 - (i) Indien daar nie aan die bepaling by (a) voldoen kan word nie, mag die Verkiesingskomitee aansoeke oopstel vir Simonsbergers wat vantevore as Senaatslede of mentors gedien het.
- b) Stemming vir die posisie van Onderprimarius mag begin eers nadat die nuut verkose Primarius aangekondig is.
- c) Elke Simonsberger mag in elke stemronde vir 'n kandidaat stem.
- d) Verkiesingsuitslae:
 - (i) Indien twee kandidate vir die posisie staan, word die kandidaat met die meeste stemme as verkose Onderprimarius aangewys.
 - (ii) Indien drie of meer kandidate vir die posisie staan, word die kandidate by wyse van herhaaldelike stemrondes uitgeskakel totdat twee oorbly.
 - (iii) Indien meer as vier kandidate vir die posisie staan, word die kandidaat met die minste stemme na elke stemronde uitgeskakel. Die Verkiesingskomitee mag egter met die oorblywende kandidate beraadslaag om te bepaal of hulle wel opvolgende stemrondes wil hou.
 - (iv) Indien een kandidaat meer as 50% van die stemme in enige stemronde verwerf, word daardie kandidaat as die verkose Onderprimarius aangewys.
- e) Die kandidate wat uitgeskakel word, kom vanselfsprekend vir 'n posisie in die Huiskomitee in aanmerking, mits hulle hulself vir sodanige posisie wil verkiesbaar stel.
- f) Vir die verkiesing van die Onderprimarius moet minstens tweederdes (66,6%) van

alle Simonsbergers hulle stem uitbring deur die hele proses heen en binne die tyd wat die Verkiesingskomitee vir die verkiesing bepaal het. Die Verkiesingskomitee kan die stemtydperk na diskresie verleng en/of afsluit.

- g) Indien daar 'n staking van stemme is (ewe veel stemme vir twee of meer kandidate uitgebring word), berus die beslissende stemme by die Verkiesingskomitee en die Huiskomiteede wat nie in die verkiesing gestaan het nie.

5. Verkiesing van die Huiskomitee

- a) Stemming vir die Huiskomitee mag begin eers nadat die nuut verkose Primarius en Onderprimarius aangekondig is.
- b) Om tot die Huiskomitee verkies te kan word, moet 'n kandidaat in hulle tweede jaar in die koshuis wees, of soos andersins bepaal mag word.
- c) Elke Simonsberger mag vir hoogstens 12 kandidate stem. Dié reël geld tensy die getal persone wat tot die Huiskomitee verkies moet word, verander.
- d) Die 12 kandidate wat die meeste stemme op hulleself verenig, vorm die nuwe Huiskomitee.
- e) Vir die verkiesing van die Huiskomitee moet minstens tweederdes (66,6%) van alle Simonsbergers hulle stem uitbring deur die hele proses heen en binne die tyd wat die Verkiesingskomitee vir die verkiesing bepaal het. Die Verkiesingskomitee die stemtydperk na diskresie verleng en/of afsluit.
- f) Indien daar 'n staking van stemme oor die twaalfde lid is, moet die Verkiesingskomitee 'n verdere stemronde organiseer tussen slegs daardie kandidate wat ewe veel stemme verwerf het, om daarmee die twaalfde lid te bepaal.
- g) Die Verkiesingskomitee moet alle uitslae notuleer en bewaar vir die volle termyn van die Huiskomitee wat dan hulle amp opneem, want die kandidate wat uitgeval het mag later weer vir 'n posisie in die Huiskomitee in aanmerking kom; verwys na subartikel 10(d) en (e) hier onder. Dit moet in samewerking met die Inwonende Hoof gedoen word.
- h) Wanneer die name van die nuwe Huiskomiteede bekendgemaak word, is die Senaat daarvoor verantwoordelik om vir elke nuwe lid 'n klip te gee. Hierdie klippe moet dan binne 'n redelike tyd nadat die nuwe Huiskomitee aangekondig is, en voordat die daaropvolgende akademiese jaar begin, op die piek van Simonsberg neergesit word.

6. Aanstelling van die Strategiese Adviseur

- a) Die Strategiese Adviseur moet so gou moontlik nadat die nuut verkose Huiskomitee aangekondig is, verkies word.
- b) Die Dagbestuur is daarvoor verantwoordelik om die aanstelling van die Strategiese Adviseur te fasiliteer (verwys na artikel 3.6 hier bo).
- c) Dit is die Dagbestuur se verantwoordelikheid om die posisie te adverteer, aansoeke te oorweeg en minstens twee kandidate na 'n onderhoud met die Huiskomitee uit te nooi.
- d) Onderhewig aan (c) hier bo sal die Dagbestuur die stemming vir die posisie soos volg hanteer:
 - (i) Elke Huiskomiteelid het een stem per stemronde. Hierdie stemming mag by wyse van geheime stembrief of, indien nodig, aanlyn plaasvind.
 - (ii) Die kandidaat wat minstens agt stemme verwerf, sal die nuut verkose Strategiese Adviseur wees. Die Dagbestuur moet veelvuldige stemrondes fasiliteer indien nodig.
 - (iii) Indien daar drie keer 'n staking van stemme is (ewe veel stemme vir meer as een kandidaat uitgebring word), het die Primarius die beslissende stem.

7. Aanstelling van die Hoofmentor

- a) Die Hoofmentor moet aangestel word binne 'n redelike tyd nadat die Huiskomitee aangekondig is, en voordat die mentors verkies word.
- b) Die nuut verkose Primarius is daarvoor verantwoordelik om onderhoude vir hierdie posisie sowel as die aanstelling van 'n kandidaat te fasiliteer.
- c) Die keuringspaneel vir die Hoofmentor bestaan uit die nuut verkose Primarius en Onderprimarius, die uittredende Hoofmentor en die Inwonende Hoof.
- d) Die paneel is daarvoor verantwoordelik om die Hoofmentor aan te wys. Die paneel mag addisionele lede na diskresie betrek om hulle in hierdie proses by te staan.
- e) Slegs inwoners wat een of meer vorige termyne as mentor gedien het, mag vir die posisie van Hoofmentor oorweeg word.
- f) Indien daar nie aan hierdie vereiste voldoen kan word nie, moet aansoeke oopgestel word vir vorige lede van die Huiskomitee en, sou dit ook nie uitwerk nie, die Huis

in die algemeen.

8. Aanstelling van mentors

- a) Mentors moet aangestel word binne 'n redelike tyd nadat die Hoofmentor aangekondig is en voordat die Universiteit se amptelike opleidingsprogram vir mentors begin.
- b) Die nuut verkose Primarius is daarvoor verantwoordelik om hierdie verkiesingsproses en onderhoude vir hierdie posisies te fasiliteer.
- c) Die keuringspaneel vir mentors bestaan uit die nuut verkose Primarius, Onderprimarius en Hoofmentor, die uittredende Strategiese Adviseur en die Inwonende Hoof. Die paneel mag addisionele lede na diskresie betrek om hulle in hierdie proses by te staan.
- d) Die paneel is daarvoor verantwoordelik om die mentors te kies.
- e) Indien daar 'n aansienlike getal aansoeke is, kan die keuringspaneel vir mentors na diskresie besluit watter van die aansoekers om vir onderhoude te nooi en vir die posisie te oorweeg.
- f) Enige Simonsberger kan as mentor aangestel word.
- g) Die keuringspaneel vir mentors sal 'n Adjunkhoofmentor vanuit die geledere van die nuut aangestelde mentors aanwys.

9. Verkiesing van die Senaat

- a) Die Senaatsverkiesing moet binne 'n redelike tyd gehou word nadat die mentors aangekondig is, en moet teen die einde van die derde week in die vierde kwartaal afgehandel wees.
- b) Kandidate is vanaf hulle tweede jaar in die koshuis as Senaatslede verkiesbaar.
- c) Die nuut verkose Onderprimarius is daarvoor verantwoordelik om die Senaatskoukus en -verkiesing te fasiliteer. Alle Simonsbergers mag hierdie geleentheid persoonlik of, waar toepaslik, virtueel bywoon.
- d) Die uittredende Senaat en Huiskomitee is, tesame met die nuut verkose Huiskomitee, daarvoor verantwoordelik om die Senaat saam te stel.
- e) Elk van die betrokke partye mag vir hoogstens agt kandidate stem.
- f) Die Senaatskoukus sowel as die stemprosedure mag aanlyn plaasvind, indien

nodig.

- g) Die agt kandidate wat die meeste stemme verwerf, sal die nuwe Senaat uitmaak.
- h) Indien 'n staking van stemme een maal oor die agtste lid voorkom, moet die Onderprimarius 'n verdere stemming tussen slegs daardie kandidate organiseer om die agtste lid te verkies.

10. Tussenverkiesings

